## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

DEUS EST VITA

**35% WATERBEPERKINGS \ 35% WATER RESTRICTIONS \ 35% UKUTSHATHWA KWAMANZI**



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***
***Use water sparingly. Every drop counts.***
***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

# NOTULE VAN DIE SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 13 DESEMBER 2018 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

## TEENWOORDIG

## LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me) | [DA] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me) | [ANC] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdl. D de Bruin | [ANC] | | |

## AMPTENARE

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. JWA Kotzee | : | Munisipale Bestuurder - waarnemend |
| Mnr. R Kearns | : | Direkteur Tegniese Dienste - waarnemend |
| Mev. N Bothma | : | Direkteur Finansiële Dienste - waarnemend |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitees |
| Me. V Julies | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**RVN001/12/2018**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Onderburgemeester open die vergadering met 'n gebed, waarna die Speaker almal by die vergadering verwelkom.

***

**RVN002/12/2018**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadslid Botha – verskoning
Raadslid Swart – verskoning
Munisipale Bestuurder – siekverlof
Direkteur Tegniese Dienste – ander Munisipale verpligtinge
Bestuurder Strategiese Dienste – Afwesig

***

**RVN003/12/2018**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Raadsdame Smit verklaar haar kollektiewe belang ten opsigte van item RVA009 van die agenda.

***

**RVN004/12/2018**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Geen

***

**RVN005/12/2018**
**VOORLEGGINGS / ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**

Geen

***

**RVN006/12/2018**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN007/12/2018**
**<u>DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER (15/1/5/9)</u>**
**12/2/3/68**

Raadslid Wessels lig die Raad in van die verslapping van die watersituasie in Bergrivier Munisipaliteit vanaf vlak 4 na vlak 3 en dat die Tegniese afdeling die verslag sal versprei aan alle Raadslede.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN008/12/2018**
**<u>MUNISIPALE EIENDOM: ERF 4420, PIKETBERG (PW KOORTS KARAVAANPARK)</u>**
**7/2/3/1**

Die Waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item. Aanvullende kommentaar word gelewer deur die Bestuurder Beplanning en Omgewingsbestuur.

**<u>Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat besluit RVN013/11/2018 gedateer 27 November 2018 herroep word;

2. Dat Erf 4420, Piketberg (PW Koorts Karavaanpark) nie verder vir munisipale dienslewering benodig word nie en per tender vervreem mag word;

3. Dat vervreemding gedoen word op voorwaarde dat die suksesvolle tenderaar self verantwoordelik sal wees vir die verkryging van ontwikkelingsregte vir hul voorgestelde ontwikkeling (byvoorbeeld hersonering, moontlike omgewingsimpakstudies, onderhandeling met SANRAL, ens.);

4. Dat die insetprys op R 2 000 000 miljoen (Twee Miljoen Rand Alleen BTW ingesluit) vasgestel word;

5. Dat die Begrotingsloodskomitee besluit waarvoor fondse, verkry uit die vervreemding, aangewend moet word ooreenkomstig met die prioriteite en behoeftes van die Munisipaliteit;

6. Dat Erf 4420, Piketberg beskikbaar gestel word vir sake ontwikkeling *(“Business Zone I (BZI) and/or Business Zone VI (BZVI) of Bergrivier Municipal: Integrated Zoning Scheme By-Law”)* ter uitbreiding van die N7 besigheidsnodus en dat 'n tydperk van 2 jaar gegee word vir ontwikkeling om 'n aanvang te neem. Indien ontwikkeling nie na 2 jaar vanaf datum van oordrag 'n aanvang neem nie sal 'n bouklousule van toepassing word waarvolgens die erf belas sal word asof dit tot die maksimum ontwikkel is; en

7. Dat die suksesvolle tenderaar verantwoordelik sal wees vir die uitwys van erf penne op eie onkoste.

***

**RVN009/12/2018**
**<u>DELEGASIE VAN BEVOEGDHEDE</u>**
**2/3**

Die Waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item in en gee agtergrond ter besluitneming vir die Raad

**<u>Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die aangehegte gewysigde delegasies goedgekeur word; en
2. Dat die gewysigde delegasies skriftelik aan die betrokke personeel versprei word.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGS-BESTUUR***

**RVN010/12/2018**
**<u>2018/19 AANPASSING VAN DIE MUNISIPALE BEHUISINGSTOEKENNING</u>**
**15/2/2/3**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid du Plooy lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item.

Verskeie insette/kommentaar word gelewer deur die Raadslede.

**<u>Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat kennis geneem word van die afwaarste aanpassing van die behuisingstoekenning vir die 2018/19 finansiële jaar; en
2. Dat die administrasie versoek word om pogings aan te wend om die kontrakteur so spoedig moontlik aan te stel vir die bou van die 89 huise in Noordhoek, Velddrif.

***BESTUURDER: GEMEENSKAPS-FASILITEITE***

***

**RVN011/12/2018**
**<u>BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN012/12/2018**
**<u>WYKSKOMITEES : KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN013/12/2018**
**<u>IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÉ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN014/12/2018**
**<u>IN-KOMITEE BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

***Die Speaker bied die geleentheid aan die waarnemende Munisipale Bestuurder om die Raad in te lig rakende die skoon oudit van Bergrivier Munisipaliteit, waarna hy alle Amptenare van Bergrivier Munisipaliteit met trots gelukwens met die skoon oudit en hul bedank vir hul harde werk reg deur die jaar.***

***Die Speaker wens die Raadslede en Amptenare 'n geseënde Kersfees en voorspoedige 2019 toe.***

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 14:25*

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

| | |
|---|---|
| ***VOORSITTER (SPEAKER)*** | ***DATUM*** |